19.7 RAPPORT 6: DEPUTATE CHRISTELIKE ONDERWYS – GESPREK MET DEPUTATE KATKISASIE EN JEUG (Art 142)

A. Dr DJ de Kock lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

1. Opdrag

"Dat, wanneer nodig, gesprek en samewerking met die Deputate vir Katkisasie en Deputate vir Jeug plaasvind" (Acta 2012:231, 3).

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 Daar was tot en met 17 Mei 2014 geen formele skakeling met die Deputate vir Katkisasie en Jeug nie.

2.2 Op 17 Mei 2014 het die Deputate egter wel besluit om so 'n vergadering met die Deputate Katkisasie en Jeug aan te vra. Indien dit wel gaan plaasvind, sal die Deputate 'n Aanvullende Rapport indien.

2.2.1 Die doel van die vergadering is om saam te besin oor die noodsaak van gesinsbediening binne die GKSA. In die opsig raak dit die kinders se opvoeding, kategese en gemeentejeugbediening.

2.2.2 Die doel is ook om saam te besin oor toerusting oor hoe om met nie-gelowiges om te gaan en jou missionêre roeping uit te leef.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.2.2 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

Aanbeveling

Dat, wanneer nodig, gesprek en samewerking met die Deputate vir Katkisasie en Deputate vir Jeug plaasvind.

Besluit: Goedgekeur.